14. Die Raad kan op versoek van 'n okkupant van 'n perseel tuinafval, spesiale huisafval, bouersafval en lywige afval van die perseel af verwyder nadat die eienaar of okkupant die voorgeskrewe gelde betaal het: Met dien verstande dat hy dit met sy afvalverwyderingsuitrusting kan doen.

HOOFSTUK 5

BOUERSAFVAL

Aanspreeklikheid vir bouersafval

15. (1) Die okkupant van die perseel waarop bouersafval ontstaan moet sorg dat—

(a) sodanige afval ingevolge artikel 18 weggedoen word binne 'n tydperk nadat dit ontstaan het wat na die mening van die Uitvoerende Direkteur: Water en Afval redelik is;

(b) tot tyd en wyl die bouersafval weggedoen is ingevolge artikel 18 en onderworpe aan die bepalings van artikel 16, die bouersafval, asook die houers waarin dit gehou en verwyder word, op die perseel waar dit ontstaan het, gehou word.

(2) Niemand mag, sonder die skriftelike toestemming van die Raad op sodanige voorwaardes wat hy nodig ag, die dienste van 'n ander persoon vir die verwydering van bouersafval gebruik nie tensy sodanige ander persoon deur die Raad gemagtig is op sodanige voorwaardes wat die Raad neerlê om bouersafval te verwyder.

Houers

16. (1) Indien 'n houer of ander bevatter wat vir die verwydering van bouersafval vanaf 'n perseel gebruik word, na die Raad se mening nie op die perseel gehou kan word nie, kan sodanige houer of ander bevatter met die Raad se skriftelike toestemming vir die duur van sodanige toestemming in die padreserwe gehou word.

(2) Enige toestemming wat ingevolge subartikel (1) verleen word, is onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad nodig ag.

(3) Die Raad kan 'n heffing vir enige sodanige toestemming bepaal.

(3) (a) Notwithstanding the provisions of subsection (2), free garden refuse disposal sites may, as designated from time to time on the notice boards erected at these sites, be used for the deposition of garden, special domestic, bulky and builders refuse, in addition to certain recyclable materials free of charge during the working hours of such sites: Provided that all such refuse is brought to the sites in vehicles able to carry a maximum load of 1 tonne or less.

(b) No person entering a free garden refuse disposal site shall deposit any refuse other than that contamplated in subsection (3) (a) in the containers provided at such sites.

(4) The provisions of sections 16 and 17 shall apply *mutatis mutandis* when containers are used for the collection of garden, special domestic and bulky refuse.

The Council's regular business and domestic service

13. At the written request of the occupier of premises the Council may in its sole discretion, deliver a bin in addition to any bins delivered to the premises in terms of section 4, and the provisions of Chapter 2 in respect of bins delivered for the storage of domestic refuse shall apply *mutatis mutandis* to a bin delivered in terms of this section but which is to be used for the storage of garden refuse.

The Council's special service

14. At the request of the occupier of premises and after payment of the tariff charge the Council may remove garden, special domestic, builders and bulky refuse from premises: Provided that the Council is able to do so with its refuse removal equipment.

CHAPTER 5

BUILDERS REFUSE

Responsibility for builders refuse

15. (1) The occupier of premises on which builders refuse is generated shall ensure that—

(a) such refuse is disposed of in terms of section 18 within a time considered reasonable by the Executive Director: Water and Waste after the generation thereof;

(b) until such time as builders refuse is disposed of in terms of section 18 and subject to the provisions of section 16, such refuse together with the containers used for the storing or removal thereof, shall be kept on the premises on which it was generated.

(2) No person may, withouth the Council's written permission on such conditions as it deems fit, use the services of any other person for the removal of builders refuse, unless such other person has been authorised by the Council on such conditions as the Council may impose, to remove builders refuse.

Containers

16. (1) If a container or other receptacle used for the removal of builders refuse from premises should in the opinion of the Council not be kept on the premises, such container or other receptacle may with the written consent of the Council be placed in the road reserve for the period of such consent.

(2) Any consent given in terms of subsection (1) shall be subject to such conditions as the Council may consider necessary.

(3) The Council may determine a charge for any such consent.

17. Elke houer of ander bevatter wat ingevolge artikel 16 (1) gemagtig is en vir die verwydering van bouersafval gebruik word, moet—

(1) duidelik gemerk wees met die naam en adres of telefoonnommer van die persoon wat verantwoordelik vir die houer of ander bevatter is;

(2) toegerus wees met kaatserchevrons of kaatsers wat die hele voor- en agterkant daarvan duidelik belyn;

(3) te alle tye toegemaak wees, sodat daar geen verplasing van die inhoud kan ontstaan nie, behalwe wanneer dit werklik met afval gevul of wanneer dit leeggemaak word.

Wegdoening van bouersafval

18. (1) Alle bouersafval moet onderworpe aan die bepalings van die subartikel (2), op die Raad se afvalstortterreine gestort word, nadat die storter die betrokke gelde daarvoor betaal het of alternatiewe reëlings tot voldoening van die Stadstesourier getref het.

(2) Bouersafval kan vir grondherwinningsdoeleindes met die Raad se skriftelike vergunning op 'n ander plek as die Raad se afvalstortterreine gestort word.

(3) Enige vergunning wat ingevolge subartikel (2) verleen word, is onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad oplê.

HOOFSTUK 6

SPESIALE BERYFSAFVAL, GEVAARLIKE, MEDIESE EN BESMETLIKE AFVAL

Kennisgewing van die ontstaan van spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese en besmetlike afval

19. (1) Die persoon wat betrokke is by 'n bedrywigheid wat spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese of besmetlike afval laat ontstaan, moet die Raad binne sewe dae van sodanige ontstaan verwittig waaruit dit bestaan, hoeveel daarvan ontstaan, hoe dit opgeberg word, die duur van beoogde opberging en die wyse waarop dit verwyder sal word.

(2) Die kennisgewing waarna daar in subartikel (1) verwys word, moet, as die Raad dit vereis, gestaaf word deur 'n ontleding wat deur 'n toepaslike gekwalifiseerde bedryfskeikundige gesertifiseer is.

(3) Die Raad of iemand wat deur die Raad behoorlik daartoe gemagtig is, kan onderworpe aan die bepalings van artikel 72 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, 'n perseel te eniger redelike tyd betree ten einde vas te stel of spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese of besmetlike afval op sodanige perseel ontstaan, en om monsters te neem en om afval wat op die perseel gevind word, te toets om vas te stel waaruit dit bestaan.

(4) Nadat die persoon wat in subartikel (1) genoem word, die Raad ingevolge subartikel (1) in kennis gestel het, moet hy die Raad verwittig van enige verandering in die samestelling en hoeveelheid spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese of besmetlike afval wat daarna kan ontstaan.

Opberging van spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese en besmetlike afval

20. (1) Die persoon waarna daar in artikel 19 (1) verwys word, moet sorg dat die spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese of besmetlike afval wat op die perseel ontstaan, ingevolge artikel 19 (1) daar gehou en opgeberg word totdat dit ingevolge artikel 21 van die perseel af verwyder word.

(2) Spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese of besmetlike afval wat op 'n perseel opgeberg word, moet op sodanige wyse opgeberg word dat dit nie 'n misstand of veiligheidsgevaar veroorsaak of die omgewing besoedel nie.

17. Every container or other receptacle, authorised in terms of section 16 (1) and used for the removal of builders refuse shall—

(1) have clearly marked on it the name and address or telephone number of the person in control of such container or other receptacle;

(2) be fitted with reflecting chevrons or reflectors which shall completely outline the front and the back thereof;

(3) be covered at all times other than when actually receiving or being emptied of such refuse so that no displacement of its contents can occur.

Disposal of builders refuse

18. (1) Subject to the provisions of subsection (2) hereof all builders refuse shall be deposited at the Council's refuse disposal sites after the person depositing the refuse has paid the relevant tariff charge or made alternative arrangements to the satisfaction of the City Treasurer.

(2) For the purpose of land reclamation builders refuse may with the written consent of the Council be deposited at a place other than the Council's refuse disposal sites.

(3) Any consent given in terms of subsection (2) shall be subject to such conditions as the Council may impose.

CHAPTER 6

SPECIAL INDUSTRIAL, HAZARDOUS, MEDICAL AND INFECTIOUS REFUSE

Notification of generation of special industrial, hazardous, medical and infectious refuse

19. (1) A person engaged in an activity which causes special industrial, hazardous, medical or infectious refuse to be generated, shall notify the Council within seven days of such generation of the composition thereof, the quantity generated, method of storage, the proposed duration of storage, and the manner in which it will be removed.

(2) If so required by the Council, the notification referred to in subsection (1) shall be substantiated by an analysis certified by an appropriately qualified industrial chemist.

(3) Subject to the provisions of section 72 of the Local Government Ordinance, 1939, the Council or any person duly authorised by the Council may enter premises at any reasonable time to ascertain whether special industrial, hazardous, medical or infectious refuse is generated on such premises and may take samples and test any refuse found on the premises to ascertain its composition.

(4) Having notified the Council in terms of subsection (1), the person referred to in subsection (1) shall notify the Council of any changes in the composition and quantity of the special industrial, hazardous, medical or infections refuse occuring thereafter.

Storing of special industrial, hazardous, medical and infectious refuse

20. (1) The person referred to in section 19 (1) shall ensure that the special industrial, hazardous, medical or infectious refuse generated on the premises is kept and stored thereon in terms of section 19 (1) until it is removed from the premises in terms of section 21.

(2) Special industrial, hazardous, medical or infectious refuse stored on premises shall be stored in such manner that it cannot become a nuisance, safety hazard or pollute the environment.

(3) Indien spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese of besmetlike afval nie ingevolge subartikel (2) op die perseel waarop dit ontstaan, opgeberg word nie, kan die Raad die okkupant van die perseel, en die persoon waarna daar in artikel 19 (1) verwys word, gelas om die afval binne 'n redelike tydperk te verwyder en indien die afval nie binne sodanige tydperk verwyder is nie, kan die Raad dit self of deur middel van enige persoon op koste van die okkupant of op die koste van die persoon waarna daar in artikel 19 (1) verwys word, of albei, wat die geval ook al mag wees, verwyder.

(4) Gevaarlike mediese of besmette afval moet in 'n houer geberg word wat deur die Uitvoerende Direkteur: Gesondheid en Behuising goedgekeur is en sodanige houer moet voor verwydering ingevolge artikel 21 in 'n goedgekeurde opbergplek gehou word vir 'n tydperk wat nie langer is as die maksimum tydperk wat deur die Uitvoerende Direkteur: Gesondheid en Behuising gestipuleer is nie.

Verwydering van spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese en besmetlike afval

21. (1) (a) Niemand mag sonder, of anders as ooreenkomstig die Raad se skriftelike toestemming op voorwaardes wat hy nodig ag, spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese of besmetlike afval verwyder vanaf die perseel waarop dit ontstaan het nie.

(b) Gevaarlike, mediese of besmetlike afval kan slegs vervoer word ooreenkomstig die vereistes van die Uitvoerende Direkteur: Gesondheid en Behuising met die oog op die tipe voertuig, sy merktekens, wyse waarop dit gebou is, veiligheidsprosedures en sindelikheid, en dokumentasie in verband met die oorsprong, vervoer en wegdoening van sodanige afval.

(2) Die persoon waarna daar in artikel 19 (1) verwys word, moet die Raad so dikwels as wat die Raad bepaal, met inagneming van die inligting wat ingevolge daardie artikel aan die Raad verstrek moet word, inlig in verband met die verwydering van spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese of besmetlike afval, die identiteit van die verwyderaar, die verwyderingsdatum, die hoeveelheid en die samestelling van die spesiale bedryfs-, gevaarlike, mediese of besmetlike afval wat verwyder word.

(3) Niemand mag enige besmetlike afval wegdoen behalwe deur dit by die Raad se verbrandingsfasiliteit te verbrand tensy deur voorafverkreë skriftelike toestemming van die Uitvoerende Direkteur: Water en Afval verkry is om sodanige afval by 'n ander fasiliteit te verbrand nie.

(4) As iemand skuldig bevind word aan die oortreding van die bepalings van hierdie artikel, moet sodanige persoon, benewens enige boete wat hom opgelê is, die afval op die wyse wat die Raad bepaal, wegdoen, of die Raad kan self sodanige afval wegdoen en sy koste op sodanige persoon verhaal.

HOOFSTUK 7

STORTTERREINE

Prosedure by stortterreine

22. (1) Elkeen wat 'n stortterrein waaroor die Raad beheer uitoefen, vir afvalstortdoeleindes betree, moet—

(a) die stortterrein slegs by die gemagtigde ingangsplek binnegaan;

(b) die afval op die wyse wat die Raad voorskryf, aanbied sodat die massa gemeet kan word;

(c) al die besonderhede wat die Raad betreffende die samestelling van die afval verlang, aan hom verstrek;

(3) If special industrial, hazardous, medical or infectious refuse is not stored in terms of subsection (2) on the premises on which it is generated the Council may order the occupier of the premises and/or the person referred to in section 19 (1) to remove such refuse within a reasonable time and, if thereafter such refuse is not removed within such time, the Council may itself or through any person remove it at the occupier's expense or the expense of the person referred to in section 19 (1), or both, as the case may be.

(4) Hazardous, medical or infectious refuse shall be stored in a container approved by the Executive Director: Health and Housing, and such container shall be kept in an approved storage area for a period not exeeding the maximum period to be stipulated by the Executive Director: Health and Housing before removal in terms of section 21.

Removal and disposal of special industrial, hazardous, medical and infectious refuse

21. (1) (a) No person shall remove special industrial, hazardous, medical or infectious refuse from the premises on which it was generated without, or otherwise than in terms of the written consent of the Council on such conditions as it may deem fit.

(b) Hazardous, medical or infectious refuse may only be transported in accordance with the requirements of the Executive Director: Health and Housing in regard to the type of vehicle, its markings, manner of construction, procedures for safety and cleanliness, and documentation relating to the source, transportation and disposal of such refuse.

(2) The person referred to in section 19 (1) shall inform the Council, at such intervals as the Council may stipulate, having regard to the information to be given to the Council in terms of that section, of the removal of special industrial, hazardous, medical or infectious refuse, the identity of the remover, the date of such removal, the quantity and the composition of the special industrial, hazardous, medical or infectious refuse removed.

(3) No person shall dispose of any infectious refuse otherwise than by incinerating it at the Council's incinerator facility, unless the Executive Director: Water and Waste's prior written permission has been given to incinerate such refuse at another facility.

(4) Should any person be convicted of contravening the provisions of this section, such person shall in addition to any penalty imposed on him, dispose of the refuse as directed by the Council, or the Council may itself dispose of such refuse and recover its costs from such person.

CHAPTER 7

DISPOSAL SITES

Conduct at disposal sites

22. (1) Every person who, for the purpose of disposing of refuse enters a refuse disposal site controlled by the Council, shall—

(a) enter the disposal site at an authorised access point;

(b) present the refuse for wighing in the manner required by the Council;

(c) give the Council all the particulars required in regard to the composition of the refuse;

(d) alle opdragte aan hom in verband met toegang tot die werklike stortplek, die plek waar en die manier waarop die afval gestort moet word, nakom;

(e) die betrokke gelde ten opsigte van die afval wat gestort is, betaal voordat hy die stortterrein verlaat of voldoen aan enige reëlings wat vooraf met die Stadstesourier getref is;

(f) sorg dat enige houer wat op die terrein geplaas word, die korrekte tarra aan albei kante vertoon;

Met dien verstande dat die bepalings van paragrawe (b), (c) en (e) nie van toepassing is op iemand wat 'n stortterrein betree om tuinafval of spesiale huisafval weg te doen nie.

(2) Enigiemand wat die bepalings van subartikel 1 oortree, kan toegang tot die stortterrein geweier word of daarvan verwyder word.

(3) Die Raad kan te eniger tyd vereis dat 'n voertuig en/of sy houer op 'n weegbrug op die terrein geweeg word.

(4) Niemand mag sterk drank na 'n stortterrein of gratis tuinafvalstortterrein wat onder toesig van die Raad staan, bring of die perseel in dronkenskap betree nie.

(5) Niemand mag, tensy hy deur die Uitvoerende Direkteur: Water en Afval gemagtig is, 'n stortterrein waaroor die Raad beheer uitoefen, binnegaan nie, behalwe met die doel om afval ingevolge hierdie Verordeninge weg te doen en dan slegs op die tye wat die Raad van tyd tot tyd bepaal.

(6) Die Uitvoerende Direkteur: Water en Afval kan weier om enige afval wat na sy mening 'n onaanvaarbare impak op die omgewing kan hê, te aanvaar of kan sodanige afval onderworpe aan voorwaardes aanvaar.

Eiendomsreg op afval

23. Alle afval wat die Raad van alle afvalstortterreine en gratis tuinafvalstortterreine waaroor die Raad beheer uitoefen, verwyder het, is die eiendom van die Raad en niemand wat nie behoorlik deur die Raad daartoe gemagtig is nie, mag dit verwyder of hom daarmee bemoei nie.

HOOFSTUK 8

ROMMELSTROOIERY, STORTING EN VERWANTE AANGELEENTHEDE

Rommelstrooiery

24. (1) Niemand mag—

(a) afval in of op 'n openbare plek, leë standplaas, leë erf, plaasgedeelte, stroom of waterloop gooi, laat val, stort of mors nie of op enige ander manier weggooi nie behalwe in 'n houer wat vir die doel voorsien is of op 'n afvalstortterrein wat deur die Raad beheer word;

(b) afval in 'n straatvoor in 'n padreserwe of op enige ander openbare plek invee nie;

(c) iemand oor wie hy beheer uitoefen, toelaat om enigiets waarna daar in paragrawe (a) en (b) verwys word, te doen nie.

(2) (a) Vir die toepassing van hierdie artikel word geag dat iemand die dade van persone onder sy beheer, waarna daar in subartikel 1 verwys word, toegelaat het tensy die teendeel bewys word.

(b) Enigiemand wat redelikerwyse deur 'n wetstoepassingsbeampte daarvan verdink word dat hy die bepalings van subartikel (1) (a) oortree het, word geag dit te oortree het totdat die teendeel bewys is.

Storting

25. (1) Niemand mag, onderworpe aan andersluidende bepalings van hierdie verordeninge, enigiets op 'n plek laat, of toelaat dat iets waaroor hy beheer of voer gelaat word op 'n plek waarheen so iets gebring is met die doel om dit te abandonneer nie.

(d) follow all instructions given to him in regard to access to the actual disposal point, the place where and the manner in which the refuse should be deposited;

(e) before leaving the disposal site, pay the relevant tariff charge in respect of the refuse deposited or comply with any prior arrangements made with the City Treasurer;

(f) ensure that any container brought on to the site shall have its correct tare legibly displayed on both sides;

Provided that the provisions of paragraphs (b), (c), (e) above shall not apply to a person who has entered a refuse disposal site for the purpose of disposing of garden, or special domestic refuse.

(2) Any person who contravenes any of the provisions of subsection (1) may be refused entry to or be removed from the disposal site.

(3) The Council may at any time require a vehicle and/or its container to be weighed at a weighbridge on the site.

(4) No person shall bring any intoxicating liquor onto a disposal site or free garden refuse site controlled by the Council, or enter the site in an intoxicated state.

(5) No person unless authorised to do so by the Executive Director: Water and Waste, shall enter a disposal site controlled by the Council for any purpose other than the disposal of refuse in terms of these by-laws, and then only at such times and between such hours as the Council may from time to time determine.

(6) At any disposal site the Executive Director: Water and Waste may refuse to accept wastes which may, in his opinion, have an unacceptable impact on the environment, or may accept such waste, subject to conditions.

Ownership of refuse

23. All refuse removed by the Council on refuse disposal sites and free garden refuse sites controlled by the Council shall be the property of the Council and no person who is not duly authorised by the Council to do so shall remove or interfere therewith.

CHAPTER 8

LITTERING, DUMPING AND ANCILLARY MATTERS

Littering

24. (1) No person shall—

(a) throw, let fall, deposit, spill or in any other way discard, any refuse into or onto any public place, vacant erf, farm portion, stream or watercourse, other than into a container provided for the purpose or on to a refuse disposal site controlled by the Council;

(b) sweep any refuse into a gutter, on a road reserve or any other public place;

(c) allow any person under his control to do any of the acts contemplated in (a) and (b).

(2) (a) For the purposes of this section a person shall be deemed to have allowed the acts of persons under his control referred to in subsection (1), unless the contrary is proved.

(b) Any person reasonably suspected by a law enforcement officer of having contravened the provisions of subsection (1) (a) shall be deemed to have done so until the contrary is proved.

Dumping

25. (1) Subject to any provisions to the contrary in these by-laws contained, no person shall leave anything or allow anything under his control to be left at a place to which such thing has been brought with the intention of abandoning it.

(2) As daar beweer is dat so 'n persoon iets gelaat het, of toegelaat het dat dit gelaat word op 'n plek waarvan hy nie die eienaar of okkupant is nie, word geag dat hy die bepalings van subartikel (1) oortree het, tensy en totdat hy die teendeel bewys het.

Goed wat geabandonneer is

26. Enigiets, behalwe 'n voertuig wat ingevolge artikel 114 van die Wet op Padverkeer, No. 29 van 1989, geag word geabandonneer te wees, wat die Raad in die lig van faktore soos die plek waar dit gevind is, die tydperk wat dit op sodanige plek lê en die aard van die toestand van sodanige saak redelikerwys as geabandonneer beskou kan deur die Raad na goeddunke verwyder en weggedoen word.

Aanspreeklikheid van verantwoordelike persoon

27. (1) As die Raad enigiets ingevolge artikel 26 verwyder en weggedoen het, is die verantwoordelike persoon aanspreeklik jeens die Raad vir die gelde ten opsigte van sodanige verwydering en wegdoening.

(2) Vir die toepassing van subartikel (1) is die verantwoordelike persoon—

(a) die laaste eienaar van die goed voordat dit deur die Raad afgehaal is en dit sluit iemand in wat so iets kragtens 'n huurkoop of 'n huurooreenkoms in sy besit gehad het toe dit prysgegee is of op die plek geplaas is waarvandaan dit verwyder is, tensy hy kan bewys dat hy nie daarby betrokke was nie of nie geweet het dat dit prysgegee of op sodanige plek geplaas is nie; of

(b) iemand wat dit op genoemde plek geplaas het; of

(c) iemand wat wetend toegelaat het dat dit op genoemde plek geplaas word.

HOOFSTUK 9

ALGEMENE BEPALINGS

Toegang tot 'n perseel

28. (1) Die okkupant van 'n perseel moet, as die Raad 'n afvalverwyderingsdiens lewer, aan die Raad toegang verleen vir afhaal- en verwyderingsdoeleindes en hy moet sorg dat niks die Raad in die lewering van sy diens dwarsboom, fnuik of hinder nie.

(2) As die afhaal of verwydering van afval van 'n perseel af na die mening van die Raad waarskynlik skade aan die perseel of aan die Raad se eiendom tot gevolg kan hê, of kan lei tot die besering van die afvalverwyderaars of iemand anders, kan die Raad as 'n voorwaarde vir die lewering van 'n afvalverwyderingsdiens aan die perseel, van die eienaar of okkupant vereis dat hy die Raad skriftelik vrywaar teen sodanige skade of beserings of teen 'n eis wat uit een of albei hiervan kan voortspruit.

Visverkopers- en Visbakkersverordeninge

29. (1) Die bepalings van hierdie Verordeninge vervang nie die bepalings van artikels 2 (4) en 3 (2) van die Raad se Visverkopers- en Visbakkersverordeninge nie.

(2) As daar van die Raad se diens gebruik gemaak word vir die verwydering waarna daar in artikel 3 (2) van die Raad se Visverkopers- en Visbakkersverordeninge verwys word, moet die gelde vir dié verwydering betaal word.

Afvalverbranding

30. (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie verordeninge kan iemand afval in die Raad se verbrandingsoond laat vernietig en kan hy die afval vir hierdie doel na die verbrandingsoond neem of dit deur die Raad daarheen laat verwyder.

(2) Once it has been alleged that a person has left a thing or allowed a thing to be left at a place of which he is not the owner or occupier, he shall be deemed to have contravened the provisions of subsection (1) until the contrary is proved.

Abandoned things

26. Anything other than a vehicle deemed to have been abandoned in terms of section 114 of the Road Traffic Act, No. 29 of 1989, which is, in the light of such factors as the place where it is found, the period it has been lying at such place and the nature and condition of such thing, reasonably regarded by the Council as having been abandoned, may be removed and disposed of by the Council as it may deem fit.

Liability of responsible person

27. (1) Where anything has been removed and disposed of by the Council in terms of section 26 the person responsible shall be liable to pay the Council the tariff charge in respect of such removal and disposal.

(2) For the purposes of subsection (1) the person responsible shall be—

(a) the last owner of the thing, before it was collected by the Council, and shall include any person who is entitled to be in possession of the thing by virtue of a hire purchase agreement or an agreement of lease at the time when it was abandoned or put in the place from which it was so removed unless he can prove that he was not concerned in and did not know of its being abandoned or put in such place; or

(b) any person by whom it was put in the place aforesaid; or

(c) any person who knowingly permitted the putting of the thing in the place aforesaid.

CHAPTER 9

GENERAL PROVISIONS

Access to premises

28. (1) Where the Council provides a refuse collection service, the occupier of premises shall grant the Council access to the premises for the purpose of collecting and removing refuse and shall ensure that nothing obstructs, frustrates or hinders the Council in the carrying out of its service.

(2) Where in the opinion of the Council the collection or removal of refuse from any premises is likely to result in damage to the premises or the Council's property, or injury to the refuse collectors or any other person, it may, as a condition of rendering a refuse collection service in respect of the premises, require the owner or occupier to indemnify it in writing in respect of any such damage or injury or any claims arising out of either.

Fishmongers and Fish-Friers By-laws

29. (1) The provisions of these By-laws shall not override the provisions of sections 2 (4) and 3 (2) of the Council's Fishmongers and Fish-Friers By-laws.

(2) Should the Council's service be used for the removal referred to in section 3 (2) of the Council's Fishmongers and Fish-Friers By-laws, the tariff charge shall be paid in respect of such removal.

Incineration of refuse

30. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in these By-laws, any person may have refuse destroyed by the Council's incinerator and may for this purpose either take the refuse to the incinerator or have it removed thereto by the Council.

(2) Die Raad is nie ingevolge subartikel (1) verplig om afval, wat nie vir die doel geskik is nie, vir vernietiging in sy verbrandingsoond te aanvaar nie.

Gelde

31. (1) Iemand aan wie die Raad 'n diens ingevolge hierdie Verordeninge gelewer het, is behoudens andersluidende bepalings van hierdie Verordeninge, aanspreeklik vir die gelde wat deur die Raad vasgestel word.

(2) Die Raad kan 'n diens wat hy lewer en waarvoor 'n geld voorgeskryf is, wysig as hy vasgestel het dat 'n styging vir sodanige dienste geregverdig is of na ontvangs van skriftelike kennisgewing van die okkupant van die perseel waaraan dienste gelewer word dat daar nie meer huis- of besigheidsafval op die perseel ontstaan nie en die Raad oortuig is dat 'n verandering van diens geregverdig is.

(3) Indien skriftelike kennisgewing ingevolge subartikel (2) ontvang is, word die geld nie verminder nie en is dit betaalbaar totdat die Raad oortuig is dat 'n verandering van diens geregverdig is.

(4) Die gelde wat voorgeskryf is, is verskuldig en betaalbaar op dieselfde dag as die algemene eiendomsbelasting wat gehef word: Met dien verstande dat as sodanige gelde verhoog word, enige onbetaalde saldo van die totale gewysigde gelde wat aan die Raad verskuldig is op aanvraag aan die Raad verskuldig en betaalbaar is.

(5) Iemand wat versuim om die gelde ten opsigte van dienste wat deur die Raad gelewer is, te betaal, begaan 'n misdryf.

Oortredings en strafbepaling

32. (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van uiters twaalf maande of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

(2) Iemand wat voortgaan om 'n bepaling van hierdie verordeninge te oortree of versuim om daaraan te voldoen, word geag ten aansien van elke tydperk van 24 uur of 'n gedeelte daarvan wat die oortreding voortduur, 'n afsonderlike misdryf te begaan het en hy is vir elke afsonderlike misdryf strafbaar soos omskryf in subartikel (1).

Herroeping van Verordeninge

33. (1) Die Verordeninge betreffende (Vaste Afval) van die Munisipaliteit Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1037 gedateer 18 Junie 1975, soos gewysig, word hierby herroep: Met dien verstande dat sodanige herroeping nie die deurlopende geldigheid van gelde wat deur die Raad kragtens daardie verordeninge bepaal is, raak nie.

(2) Enige verwysing—

(a) in hierdie verordeninge na 'n geld wat deur die Raad vasgestel is moet 'n geld insluit deur die Raad vasgestel kragtens die verordeninge wat deur subartikel (1) herroep is totdat die Raad se vasstelling van gelde kragtens hierdie verordeninge in werking tree; en

(b) in 'n vasstelling van gelde gedoen kragtens die verordeninge wat aldus herroep is, na 'n bepaling in daardie verordeninge word geag 'n verwysing na die ooreenstemmende bepaling in hierdie verordeninge te wees.

(2) The Council shall not in terms of subsection (1) be obliged to accept any refuse which is not suitable for destruction by its incinerator.

Charges

31. (1) Save where otherwise provided in these By-laws, the person to whom any service mentioned in these By-laws has been rendered by the Council shall be liable to the Council for the tariff charge determined by the Council.

(2) Services rendered by the Council in respect of which a tariff charge is prescribed, may be altered by the Council if it has ascertained that an increase in such services is justified, or after receipt of a written notification from the occupier of the premises to which the services are rendered, that the generation of domestic or business refuse on the premises has ceased, or reduced in volume, and the Council is satisfied that a change in service is justified.

(3) If written notification in terms of subsection (2) is received, the tariff charge will not be reduced and shall be payable until the Council is satisfied that an alteration in service is justified.

(4) Tariff charges prescribed shall become due and payable on the same date as the general assessment rate levied: Provided that if such tariff charges are increased any unpaid balance owing to the Council on the total amended charges will be due and payable to the Council on demand.

(5) Any person who fails to pay the tariff charged in respect of services rendered by the Council shall be guilty of an offence.

Offences and penalties

32. (1) Any person who contravenes or fails to comply with any provision of these By-laws shall be guilty of an offence and shall be liable on conviction to a fine not exceeding R500, or to imprisonment for a period not exceeding 12 months, or to both such fine and imprisonment.

(2) In the event of a continuing offence any person who contravenes or fails to comply with any provision of these By-laws, shall be deemed to be guilty of a separate offence for every 24 hours or part of such period during which the offence continues and shall be liable as set out in subsection (1) in respect of each such separate offence.

Revocation of By-laws

33. (1) The Refuse (Solid Waste) By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice 1037, dated 18 June 1975, as amended, are hereby repealed: Provided that such repeal shall not affect the continued validity of charges determined by the Council under those by-laws.

(2) Any reference—

(a) in these by-laws to a charge determined by the Council shall include a charge determined by the Council under the by-laws repealed by subsection (1), until the Council's determination of charges under these by-laws comes into operation; and

(b) in a determination of charges made under the by-laws so repealed, to a provision in those by-laws shall be deemed to be a reference to the corresponding provision in these by-laws.

(3) Enigiets gedoen kragtens die bepalings van die verordeninge wat deur subartikel (1) herroep is, word geag gedoen te wees kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie verordeninge en sodanige herroeping het geen uitwerking op die geldigheid van enige goedkeuring, magtiging, tersydestelling of ander optrede wat by die inwerkingtreding van hierdie verordeninge geldig is kragtens die verordeninge wat aldus herroep is nie.

(3) Anything done under the provisions of the by-laws repealed by subsection (1), shall be deemed to have been done under the corresponding provision of these by-laws and such repeal shall not affect the validity of any approval, authority, waiver or other act which at the commencement of these by-laws is valid under the by-laws so repealed.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2233

STADSRAAD VAN KEMPTON PARK

KEMPTON PARK WYSIGINGSKEMA 345

Die Stadsraad van Kempton Park gee hiermee ingevolge artikel 57 (1) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die hersonering van Parke 244, 245, 'n gedeelte van Park 242 en Gedeeltes 28 en 29 van Park 1153, dorp Esterpark, vanaf "Openbare Oopruimte" na "Residensieel 1", goedgekeur is.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsklerk, Kamer 164, Stadhuis, Margaretlaan, Kempton Park en die kantoor van die Departementshoof, Departement van Plaaslike Bestuur, Behuising en Werke, Administrasie: Volksraad, Privaatsak X340, Pretoria.

Hierdie wysigingskema staan bekend as Kempton Park-wysigingskema 345 en word op datum van publikasie hiervan geag 'n goedgedeurde skema te wees.

H-J. K. MÜLLER,
Stadsklerk.

Stadhuis
Margaretlaan
Posbus 13
KEMPTON PARK.

29 Julie 1992.

(Kennisgewing No. 73/1992)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2233

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK

KEMPTON PARK AMENDMENT SCHEME 345

The Town Council of Kempton Park hereby gives notice in terms of section 57 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application for the rezoning of Parks 244, 245, a portion of Park 242 and Portions 28 and 29 of Park 1153, Ester Park Township, from "Public Open Space" to "Residential 1", has been approved.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme will be open for inspection during normal office hours at the Office of the Town Clerk, Room 164, Town Hall, Margaret Avenue, Kempton Park and the office of the Head of Department, Department of Local Government, Housing and Works, Administration: House of Assembly, Private Bag X340, Pretoria.

This amendment scheme is known as Kempton Park Amendment Scheme 345 and shall be deemed to be an approved scheme on date of publication hereof.

H-J. K. MÜLLER,
Town Clerk.

Town Hall
Margaret Avenue
P.O. Box 13
KEMPTON PARK.

29 July 1992.

(Notice No. 73/1992)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2234

STADSRAAD VAN KLERKSDORP

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Hiermee word kennis gegee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad voornemens is om—

(a) sy Verordeninge betreffende Vaste Afval en Saniteit te wysig ten einde voorsiening te maak vir 'n verhoging van die tariewe vir die afhaal en verwydering van afval en saniteitsdienste;

(b) sy Watervoorsieningsverordeninge te wysig ten einde voorsiening te maak vir die verhoging van die tariewe vir die lewering van water en die betaling van basiese heffings deur die geregisteerde eienaars van vaste eiendom;

(c) sy Riolerings- en Loodgietersverordeninge te wysig ten einde voorsiening te maak vir die verhoging van rioolgelde en die betaling van basiese heffings deur die geregistreerde eienaars van vaste eiendom; en

(d) sy Elektrisiteitsverordeninge te wysig ten einde voorsiening te maak vir die verhoging van die elektrisiteitstariewe en die betaling van basiese heffings deur die geregistreerde eienaars van vaste eiendom.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2234

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP

AMENDMENT TO BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council to amend—

(a) its By-laws regarding Solid Waste and Sanitary in order to provide for an increase in the charges payable for the collection and removal of refuse and sanitary services;

(b) its Water Supply By-laws in order to provide for an increase in the tariff of charges for the supply of water and the payment of basic charges by the registered owners of fixed property;

(c) its Drainage and Plumbing By-laws in order to provide for an increase in the charges payable for sewerage services and the payment of basic charges by the registered owners of fixed property; and

(d) its Electricity By-laws in order to provide for an increase in the electricity tariffs and the payment of basic charges by the registered owners of fixed property.

Afskrifte van die voormelde wysigings sal gedurende gewone kantoorure by Kamer 111, Burgersentrum vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing, ter insae lê.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysigings wil aanteken moet sodanige beswaar skriftelik binne veertien dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant* by die ondergetekende indien.

J. L. MULLER,
Stadsklerk.

Burgersentrum
KLERKSDORP.

2 Julie 1992.

(Kennisgewing No. 66/92)

A copy of the proposed amendments will lie for inspection at Room 111, Civic Centre during normal office hours for a period of fourteen days from the date of publication of this notice.

Any person who has any objection to the proposed amendments must lodge his objection in writing with the undersigned within a period of fourteen days from the date of publication of this notice in the *Official Gazette*.

J. L. MULLER,
Town Clerk.

Civic Centre
KLERKSDORP.

2 July 1992.

(Notice No. 66/92)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2235

STADSRAAD VAN KLERKSDORP

KENNISGEWING VAN EERSTE SITTING VAN WAARDERINGSRAAD OM BESWARE TEN OPSIGTE VAN VOORLOPIGE WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJARE 1992/95 AAN TE HOOR

(Regulasie 9)

Hiermee word kennis ingevolge artikel 15 (3) (c) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die eerste sitting van die waarderingsraad op Donderdag, 27 Augustus 1992 om 09:00 sal plaasvind en gehou sal word by die volgende adres, naamlik:

Raadsaal
Burgersentrum
KLERKSDORP

om enige beswaar teen die voorlopige waarderingslys vir die boekjare 1992/95 te oorweeg.

A. J. SWANEPOEL,
Sekretaris: Waarderingsraad.

Burgersentrum
KLERKSDORP.

25 Junie 1992.

(Kennisgewing No. 62/92)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2235

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP

NOTICE OF FIRST SITTING OF VALUATION BOARD TO HEAR OBJECTIONS IN RESPECT OF PROVISIONAL VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1992/95

(Regulation 9)

Notice is hereby given in terms of section 15 (3) (c) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the first sitting of the valuation board will take place on Thursday, 27 August 1992 at 09:00 and will be held at the following address, viz:

Council Chamber
Civic Centre
KLERKSDORP

to consider any objection to the provisional valuation roll for the financial years 1992/95.

A. J. SWANEPOEL
Secretary: Valuation Board.

Civic Centre
KLERKSDORP.

25 June 1992.

(Notice No. 62/92)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2236

STADSRAAD VAN LEANDRA

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE VOORSIENING VAN WATER

Ingevolge artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee bekend gemaak dat die Dorpsraad van Leandra, by spesiale besluit, die Vasstelling van Gelde vir die Voorsiening van Water, afgekondig by Kennisgewing 21/1991 in *Offisiële Koerant* van 6 November 1991 soos volg gewysig het met ingang 1 April 1992:

1. Deur in item 2 (1) (a) die syfer "R15,50" deur die syfer "R16,20" te vervang.
2. Deur in item 2 (1) (b) die syfer "R1,34" deur die syfer "R1,41" te vervang.
3. Deur in item 2 (1) (c) die syfer "R15,50" deur die syfer "R16,20" te vervang.

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2236

TOWN COUNCIL OF LEANDRA

AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF WATER

In terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Leandra Village Council has, by special resolution, amended the Determination of Charges for Water Supply, published under Notice No. 21/1991, dated 6 November 1991, with effect from 1 April 1992:

1. By the substitution in item 2 (1) (a) for the figure "R15,50" of the figure "R16,20".
2. By the substitution in item 2 (1) (b) for the figure "R1,34" of the figure "R1,41".
3. By the substitution in item 2 (1) (c) for the figure "R15,50" of the figure "R16,20".

4. Deur in item 2 (3) (a) die syfer "R15,50" deur die syfer "R16,20" te vervang.

5. Deur in item 2 (3) (b) die syfer "R1,34" deur die syfer "R1,41" te vervang.

G. M. VAN NIEKERK,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore
Privaatsak X5
LESLIE
2265.

29 Julie 1992.

(Kennisgewing No. 4/1992)

4. By the substitution in item 2 (3) (a) for the figure "R15,50" of the figure "R16,20".

5. By the substitution in item 2 (3) (b) for the figure "R1,34" of the figure "R1,41".

G. M. VAN NIEKERK,
Town Clerk.

Municipal Offices
Private Bag X5
LESLIE
2265.

29 July 1992.

(Notice No. 4/1992)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2237

STADSRAAD VAN LOUIS TRICHARDT

VASSTELLING VAN TARIEWE INGEVOLGE ARTIKEL 80B (1) VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAASLIKE BESTUUR, No. 17 VAN 1939, SOOS GEWYSIG

WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Ooreenkomstig artikel 80B (8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Louis Trichardt, ingevolge die bepalings van artikel 80B (1) van bogemelde Ordonnansie, by spesiale besluit, gedateer 31 Maart 1992, die Tarief van Gelde onder die Bylae tot die Raad se Watervoorsieningsverordeninge aangeneem by Administrateurskennisgewing 1024 van 27 Julie 1977, soos gewysig, met ingang van 1 April 1992 verder gewysig het deur item 3 van Deel I deur die volgende te vervang:

"3. Woonhuis, woonstel, kerk, saal, kleuterskole, besighede, nywerhede en geboue uitsluitend vir die doel van opberging gebruik, en enige ander tipe verbruiker nie spesifiek in hierdie tariewe genoem nie, per maand of gedeelte daarvan.

3.1 Woonhuis, woonstel, kerk en woonstel/besigheid-kombinasie, per maand of gedeelte daarvan.

(1) Vir die eerste 25 kℓ water verbruik, per kℓ of gedeelte daarvan: R1,08.

(2) Vir alle water verbruik bo 25 kℓ, per kℓ of gedeelte daarvan: R4,00.

3.2 Saal, kleuterskole, besighede, nywerhede en geboue uitsluitend vir die doel van opberging gebruik, en enige ander tipe verbruiker nie spesifiek in hierdie tariewe genoem nie, per maand of gedeelte daarvan.

(1) Vir die eerste 25 kℓ water verbruik, per kℓ of gedeelte daarvan: R1,08.

(2) Vir die volgende 15 kℓ water verbruik, per kℓ of gedeelte daarvan: R1,35.

(3) Vir alle water verbruik bo 40 kℓ, per kℓ of gedeelte daarvan: R2,00".

H. F. BASSON,
Uitvoerende Hoof/Stadsklerk.

Burgersentrum
Voortrekkerplein
Kroghstraat
Posbus 96
LOUIS TRICHARDT
0920.

29 Julie 1992.

(Kennisgewing No. 36/1992)

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2237

LOUIS TRICHARDT TOWN COUNCIL

DETERMINATION OF CHARGES IN TERMS OF SECTION 80B (1) OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, No. 17 OF 1939, AS AMENDED

WATER SUPPLY BY-LAWS

In terms of section 80B (8) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, notice is hereby given that the Louis Trichardt Town Council has, in terms of section 80B (1) of the said Ordinance, by Special Resolution dated 31 March 1992, further amended the Tariff of Charges under the Schedule to the Water Supply By-Laws of the Louis Trichardt Municipality, adopted by the Town Council under Administrator's Notice 1024 dated 27 July 1977, as amended, with effect from 1 April 1992 by the substitution for item 3 of Part I of the following:

"3. Private dwelling, flat, church, hall, nursery schools, businesses, industries and buildings used exclusively for the purpose of storage and any other type of consumer not specially mentioned in these tariffs, per month or part thereof.

3.1 Private dwelling, flat, church, and flat/business combination, per month or part thereof.

(1) For the first 25 kℓ water consumed, per kℓ or part thereof: R1,08.

(2) For all water consumed in excess of 25 kℓ, per kℓ or part thereof: R4,00.

3.2 Hall, nursery schools, businesses, industries and buildings used exclusively for the purpose of storage and any other type of consumer not specially mentioned in these tariffs, per month or part thereof.

(1) For the first 25 kℓ water consumed, per kℓ or part thereof: R1,08.

(2) For the next 15 kℓ water consumed, per kℓ or part thereof: R1,35.

(3) For all water consumed in excess of 40 kℓ, per kℓ or part thereof: R2,00".

H. F. BASSON,
Chief Executive/Town Clerk.

Civic Centre
Voortrekker Square
Krogh Street
P.O. Box 96
LOUIS TRICHARDT
0920.

29 July 1992.

(Notice No. 36/1992)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2238

PLAASLIKE BESTUUR VAN MARBLE HALL

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1992 TOT 30 JUNIE 1993

(Regulasie 17)

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26 (2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die voorlopige waarderingslys opgeteken:

(a) 'n Oorspronklike belasting van 3c (drie sent) in die Rand op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond.

(b) Onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur ingevolge die bepalings van artikel 21 (3) (a) van die genoemde Ordonnansie, 'n addisionele belasting van 6,9c (ses, nege sent) in die Rand op die terreinwaarde van enige grond of reg in die grond.

Ingevolge artikel 21 (4) van die genoemde Ordonnansie word die volgende korting op die algemene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of enige reg in grond soos in (a) en (b) hierbo genoem, toegestaan:

(1) Beboude Besigheidsgesoneerde erwe: 10%.

(2) Beboude Nywerheidserwe: 40%.

Ingevolge artikel 32 (b) van die genoemde Ordonnansie word 'n verdere korting van 40% op die algemene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of enige reg in die grond soos in (a) en (b) hierbo genoem toegestaan aan pensioenarisse wat kwalifiseer onder die voorwaardes soos neergelê deur die Raad.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in artikels 27 van genoemde Ordonnansie beoog, is in 12 (twaalf) gelyke maandelikse paaiemente betaalbaar: die eerste op 7 Augustus 1992 en die laaste op 7 Julie 1993. Rente teen 'n koers soos deur die Administrateur afgekondig ingevolge artikel 50A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, sal op alle agterstallige eiendombeslasting gehef word en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

